

4. OMSEND BRIEF

'n Omsendbrief wat goedgekeur is deur die Paneel oor Sekuriteiteregulering ("SRP") en die JSE, wat volledige inligting oor die Skema bevat en 'n kennisgewing met betrekking tot die Skemavergadering en die alternatiewe aanbod inkorporeer, sal op 15 Mei 2007 aan Rainbow-aandeelhouers gepos word. Afskrifte van die omsendbrief kan gedurende normale kantoorure verkry word van One The Boulevard, Westway Office Park, Westville, KwaZulu Natal, 3629.

5. MENINGS EN AANBEVELINGS RAKENDE DIE SKEMA

Investec Bank Beperk ("Investec"), wat optree as onafhanklike adviseur vir die onafhanklike subkomitee en die Rainbow-direksie, het die bepalings en voorwaardes van die Skema oorweeg en is van mening dat, op die uitreikingsdatum van sy billike-en-redelikeheidsmening, die Skema billik en redelik is, en het die onafhanklike subkomitee en die Rainbow-direksie dienooreenkomstig ingelig.

Die onafhanklike subkomitee van die Rainbow-direksie het die bepalings en voorwaardes van die Skema oorweeg en is, met inagneming van Investec se mening, eenparig van mening dat die bepalings en

Rainbow-aandeelhouers aanbeveel dat hulle nie die aandeel-aanbodteenprestasie aanvaar nie.

Die Rainbow-direksie (behalwe mnre. Visser en Zwiigelaar wat verteenwoordigers van Remgro op die Rainbow-direksie is, en wat hulself gevolglik onttrek het aan die uitspraak van so 'n mening), het die bepalings en voorwaardes van die alternatiewe aanbod sowel as die kontantaanbodteenprestasie en aandeel-aanbodteenprestasie oorweeg, en met inagneming van die mening van Investec en die onafhanklike subkomitee, is hulle van mening dat die kontantaanbodteenprestasie billik en redelik is teenoor Rainbow-aandeelhouers en beveel aan dat Rainbow-aandeelhouers die kontantaanbodteenprestasie aanvaar. Die Rainbow-direksie is egter van mening dat die aandeel-aanbodteenprestasie nie billik en redelik is nie en beveel aan dat Rainbow-aandeelhouers nie die aandeel-aanbodteenprestasie aanvaar nie.

8. RAINBOW-DIVIDEND

Rainbow-aandeelhouers wat geregistreer is op die toepaslike dividend-rekorddatum, sal die Rainbow-dividend vir die tydperk geëindig 31 Maart 2007 ontvang. Besonderhede van die Rainbow-dividend sal op SENS en in die Suid-Afrikaanse pers gepubliseer word wanneer Rainbow sy finansiële resultate vir die jaar geëindig 31 Maart 2007 aankondig.

11 Mei 2007

Borg vir Rainbow

Onafhanklike adviseur vir Rainbow

Prokureurs vir Rainbow

Verslagdoenende rekenmeesters vir Rainbow



Akseptbank en adviseur aan Remgro

Borg vir Remgro

Prokureurs vir Remgro



INCE